## SOSIALE MEDIA GEDRAGSBELEID

### 1. Inleiding

Sosiale media en digitale platforms vorm deel van ons daaglikse lewe en kommunikasie. Dit bied waardevolle geleenthede vir verbinding, leer en deelname, maar hou ook risiko's in — veral vir kinders en jongmense.

Gereformeerde Skool Dirk Postma (GSDP) is verbind tot verantwoordelike, eerbiedige en etiese digitale gedrag wat in ooreenstemming is met:

- ons **Christelike grondslag en waardes**;
- die **waardigheid en veiligheid van elke persoon**;
- toepaslike **wetgewing**, insluitend kinderbeskerming en databeskerming.

Hierdie beleid geld vir **alle leerders, ouers, personeel en enige persoon** wat met die skool verbind kan word. Onetiese gebruik buite skoolverband, maar wat betrekking het op die skool word onderwerp aan hierdie beleid. Onetiese gebruik deur leerders buite skoolverband wat geen verbintenis tot die skool aandui nie,  bly die ouer/voog se verantwoordelikheid.

Indien onderwysers bewus is van problematiese sosiale media gedrag, maar dit is buite skoolverband kan hul die betrokke leerder se ouers hieroor kontak aangesien dit in die beste belang van die leerder is. In so 'n geval kan die skool egter nie enige dissiplinêre prosesse toepas nie.

### 2. Doel van die beleid

Die doel van hierdie beleid is:

- om die gebruik van die skool se inligtingstelsels vir die oordrag van enige kommunikasieverwante inligting, en die toepaslike gebruik van sosiale mediaplatforms deur personeel, ouers en leerders te reguleer;
- dat GSDP die ontwikkeling van sosiale media as 'n kommunikasiemiddel erken, maar besef terselfdertyd dat dit slegs optimaal gebruik kan word, indien dit verantwoordelik geskied;
- om die veilige en verantwoordelike gebruik van sosiale media te bevorder;
- om die skool, individue en gemeenskap te beskerm;
- om riglyne te gee vir aanlyn gedrag, kommunikasie en publikasie;
- om duidelikheid te skep oor aanspreeklikheid en gevolge.

### 3. Toepassing en omvang

Hierdie beleid is van toepassing:

- **24 uur per dag, 7 dae per week**, ook buite skoolure en tydens vakansies;

- ongeag of skooltoestelle of privaat toestelle gebruik word;
- wanneer ’n persoon **direk of indirek** met GSDP verbind kan word (bv. deur uniform, foto’s, *tags*, vriende, kommentaar of verwysings).

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir swak sekuriteit-stellings op die sosiale mediaprofiel van enige persoon wat aan die skool verbonde is nie.

**4. Sosiale media-platforms**

Sosiale media is die metode van interaksie tussen mense, waartydens hulle inligting en idees in virtuele gemeenskappe en netwerke skep, deel en uitruil.

Sosiale media sluit onder andere in (maar is nie beperk nie):

- WhatsApp en WhatsApp Status, Instagram, Facebook, TikTok, Snapchat
- YouTube, X (Twitter), Discord, Reddit, Twitch
- enige toekomstige of soortgelyke digitale platforms

Baie van hierdie platforms het **ouderdomsbeperkings**, wat deur ouers en leerders gerespekteer moet word.

**AFDELING A: RIGLYNE VIR LEERDERS**

**1. Algemene beginsels**

Daar word van leerders word verwag om:

- ander met **respek, waardigheid en liefde** te hanteer;
- bewus te wees dat **niks aanlyn werklik privaat of tydelik is nie**;
- te weet dat hulle **regs- en dissiplinêr aanspreeklik** kan wees vir wat hulle plaas, deel, “like” of aanstuur.

**2. Verbode gedrag**

Leerders mag nie:

- ander aanlyn boelie, verneder, dreig of teister nie;
- vals of misleidende inhoud versprei nie;
- ongemagtigde of vernederende foto’s/video’s van ander deel nie;
- rassistiese, lasterlike, seksistiese of pornografiese inligting versprei nie;
- hulself of ander as iemand anders voordoen of vals rekeninge skep nie;
- die skool se naam, logo of beeld misbruik nie;
- aanlyn kla, skinder of negatiewe stellings oor GSDP, personeel of leerders maak nie.

**3. Veiligheid en beskerming**

Leerders mag nie:

- persoonlike inligting (naam, adres, telefoonnommer, skoolbesonderhede) deel nie;

- wagwoorde met ander deel nie;
- onbekende skakels, aanhegsels of versoeke aanvaar nie;
- aanlyn met vreemdelinge kontak maak sonder volwasse toestemming nie.

**4. Rapporteer onmiddellik**

’n Leerder **moet onmiddellik** ’n ouer, onderwyser of skoolhoof inlig indien:

- hulle teistering, dreigemente of ongemaklike inhoud ontvang;
- pornografiese of onvanpaste materiaal ontvang word;
- iemand hul beeld misbruik (insluitend AI/deepfakes);
- iemand vra vir naakfoto’s of hulle probeer afpers;
- hulle sien dat iemand anders aanlyn geboelie word.

**AFDELING B: RIGLYNE VIR OUERS**

**1. Ouers se rol**

Ouers word aangemoedig om:

- aktief betrokke te wees by hul kind se aanlyn lewe;
- ouderdomsbeperkings en skermtyd te monitor;
- oop gesprekke oor digitale gedrag te voer;
- saam met die skool op te tree waar probleme ontstaan
- daarop te let dat die skool van tyd tot tyd foto's op sosiale mediatuistes kan deel wat gedurende amptelike skoolaktiwiteite geneem is, mense kan dan ge-"tag" word.
- hierdie sosiale mediatuistes se sekuriteitstellings na te gaan, indien hulle publikasies waarin hulle ge-"tag" is, wil hersien.
- om ander gebruikers se toegang tot hul profiele te blokkeer, indien hulle nie sodanige ander gebruikers ken of met hulle geassosieer wil word nie.

**2. Openbare kommentaar**

Ouers word versoek om:

- nie openbare klagtes, beskuldigings of negatiewe kommentaar oor die skool op sosiale media te plaas nie;
- bekommernisse **direk en privaat** met die skool te bespreek;
- te onthou dat openbare stellings regs- en dissiplinêre gevolge kan hê.

**AFDELING C: RIGLYNE VIR PERSONEEL**

**1. Professionele grense**

Personeel moet:

- professionele grense met leerders handhaaf;
- waak teen privaat sosiale-media-gesprekke met leerders (behalwe waar dit amptelik goedgekeur is);

- versigtig wees met kommentaar, foto's en persoonlike menings wat die skool kan raak.

**2. Amptelike kommunikasie**

Slegs persone wat deur die skool gemagtig is:

- mag namens GSDP op sosiale media kommunikeer;
- mag die skool se naam, logo en platforms amptelik gebruik.

**AFDELING D: WHATSAPP- EN SKOOLGROEPE**

**1. Riglyne vir skool-WhatsApp-groepe**

- Slegs **skoolverwante** inligting mag gedeel word;
- Geen memes, kettingboodskappe of sosiale debatte nie;
- Niemand mag doelbewus uitgesluit of verneder word nie;
- Groepsadministrateurs dra verantwoordelikheid vir inhoud;
- Onderwysers, ouers en leerders se privaat tyd moet gerespekteer word;
- Emoji's en gesprekstoon moet versigtig gebruik word.

**AFDELING E: AANSPREEKLIKHEID EN GEVOLGE**

**1. Dissiplinêre optrede**

Oortreding van hierdie beleid kan lei tot:

- dissiplinêre optrede ingevolge die skool se gedragskode;
- kan tot regsaksies lei veral t.o.v. laster;
- opskorting van digitale of kommunikasievoorregte;
- ander regsoptrede waar toepaslik.

**Slot: Die goue reël**

Voor jy iets plaas, deel of aanstuur, vra jouself:

- **Is dit waar?**
- **Is dit nodig?**
- **Is dit eerbiedig?**
- **Is dit wys?**
- **Is dit opbouend?**

**Bron: Fedsas:** Beleid oor inligtingstelsels en sosiale media

Goedgekeur deur die Bedryfspan: Februarie 2026
**Skoolhoof**
**Mev S Meijer**